DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. 196.] PRYS 5c. PRETORIA, 19 JANUARIE / 19 JANUARY 1966. PRICE 5c. [No. 3192.

No. 17 (Administrateurs-), 1966.]

PROKLAMASIE

DEUR DIE WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Hydepark Uitbreiding No. 34 te stig op Gedeelte 353 van die plaas Zandfontein No. 42, Registrasie-afdeling I.R., distrik Johannesburg;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vierde dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Ses-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 4/8/2328.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR MARGUERITE DOREEN EGELAND (BUITE GEMEENSKAP VAN GOEDERE GETROUD MET LEIF EGELAND) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 353 VAN DIE PLAAS ZANDFONTEIN NO. 42, REGISTRASIE-AFDELING I.R., DISTRIK JOHANNESBURG, TOEGESTAAN IS.

A—STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Hydepark Uitbreiding No. 34.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.7643/64.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(*a*) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(*b*) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van water in (*a*) hierbó genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

No. 17 (Administrator's), 1966.]

PROCLAMATION

BY THE DEPUTY-ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Hyde Park Extension No. 34 on Portion 353 of the farm Zandfontein No. 42, Registration Division I.R., District of Johannesburg;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Fourth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Deputy-Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 4/8/2328.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY MARGUERITE DOREEN EGELAND (MARRIED OUT OF COMMUNITY OF PROPERTY TO LEIF EGELAND) UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 353 OF THE FARM ZANDFONTEIN NO. 42, REGISTRATION DIVISION I.R., DISTRICT OF JOHANNESBURG, WAS GRANTED.

A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Hyde Park Extension No. 34.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.7643/64.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(*a*) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire-fighting services, is available;

(*b*) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (*a*) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) dat alle koste van, of in verband met die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en retikulasie van die water deur die applikant gedra moet word, en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) Dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee word: Met dien verstande dat tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde watervoorraad oorneem, die applikant gelde kan vorder vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur;

(*c*) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van haar verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (*c*) genoem, moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas-, stortings- en Bantoelokasieterreine.*

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref ten opsigte van die verskaffing van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en 'n Bantoelokasie. As sodanige verskaffing bestaan uit grond aan die plaaslike bestuur oorgedra te word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur, beperk word nie.

7. *Mineraleregte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes wat by die pagvrygrondbesitter berus of hierna kan berus, word aan die applikant voorbehou.

8. *Kansellasie van bestaande titelvoorwaardes.*

Die applikant moet op eie koste die volgende titelvoorwaardes laat kanselleer: —

„(*a*) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained not more than one dwelling-house, which shall mean a house designed for use as a dwelling for a single family together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection with the land, shall be erected on the land.

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(*c*) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of her obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (*c*) shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing and Bantu Location Sites.*

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Bantu location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones which may be or become vested in the freehold owner, shall be reserved to the applicant.

8. *Cancellation of Existing Conditions of Title.*

The applicant shall at her own expense cause the following conditions to be cancelled: —

(*a*) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained not more than one dwelling-house, which shall mean a house designed for use as a dwelling for a single family together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection with the land, shall be erected on the land.

(*b*) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained the land shall be used for residential and agricultural purposes only, or subject to the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, for the establishment of a township thereon."

9. *Straatverbreding.*

(*a*) Die applikant moet tot voldoening van die plaaslike bestuur die straatverbreding vorm, skraap en onderhou tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur van tyd tot tyd die reg het om die applikant geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligting te onthef na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(*b*) Die applikant moet op eie koste en tot voldoening van die plaaslike bestuur alle obstruksies soos geboue, heinings, bome en boomstompe uit die straatverbredingsreserwes verwyder.

10. *Skenking.*

Die applikant moet, behoudens die voorbehoudsbepalings by paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 16½% (sestien en 'n half persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie), sodanige waarde bereken te word soos op die datum van die afkondiging van die proklamasie indien die erwe voor sodanige afkondiging van die hand gesit is of soos op die datum van sodanige van die hand sit indien die erwe na sodanige afkondiging van die hand gesit word, en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (*d*).

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beampte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampte moet die applikant alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende enige tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding hiervan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

11. *Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte.

12. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *sesen-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd—

(i) sodanige erwe as wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en

(ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

(*b*) Except with the written approval of the Administrator first had and obtained the land shall be used for residential and agricultural purposes only, or subject to the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, for the establishment of a township thereon.

9. *Streetwidening.*

(*a*) The applicant shall form, grade and maintain the streetwidening in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Townships Board and the local authority.

(*b*) The applicant shall at her own expense remove all obstacles such as buildings, fences, trees and tree stumps from the streetwidening reserves to the satisfaction of the local authority.

10. *Endowment.*

The applicant shall, subject to the provisos to paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 16½% (sixteen and a half per cent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of the promulgation of the township in the event of the erven having been disposed of prior to such promulgation or as at the date of such disposal in the event of the erven being disposed of after such promulgation and to be determined in the manner set out in the said paragraph (*d*).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicant's books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

11. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

12. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and

(ii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purposes for which such erven are required;

is onderworpe aan die verdere voorwaardes hieronder uiteengesit—

(a) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(b) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(c) Planne en spesifikasies van alle geboue en van alle veranderings of aanbouings aan geboue moet aan die plaaslike bestuur voorgelê word en die plaaslike bestuur se skriftelike goedkeuring moet verkry word voordat daar met die bouwerksaamhede 'n aanvang gemaak word. Alle geboue of veranderings of aanbouings aan geboue moet binne 'n redelike tydperk na aanvang daarvan voltooi word.

(d) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

(e) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(f) Uitgesonderd met die toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture op die erf aangehou of op stal gesit word nie.

(g) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(h) Uitgesonderd met die skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy stel, mag nòg die eienaar nòg enige okkupant van die erf enige putte daarop grawe of boorgate daarop boor of enige ondergrondse water daaruit haal.

(j) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om stormwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige stormwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die stormwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(k) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(l) Nie meer as een woonhuis tesame met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, mag op die erf opgerig word nie, behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag, kan stel: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf, of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(a) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

(b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(c) Plans and specifications of all buildings and of all alterations or additions thereto shall be submitted to the local authority whose approval, in writing, shall be obtained before the commencement of building operations. All buildings or alterations or additions thereto shall be completed within a reasonable time after commencement.

(d) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(e) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(f) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations shall be kept or stabled on the erf.

(g) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(h) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.

(j) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(k) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings apertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

(l) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is

gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike deel of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R6,000 wees.

(ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig en later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of vòòr die buitegeboue opgerig word.

(*m*) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word moet minstens 35 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.

(*n*) Indien die erf omhein of op enige ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

2. *Serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe waarop serwitute op die algemene plan aangedui is, aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Erwe Nos. 242 en 243 is onderworpe aan 'n serwituut, ses voet breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur en Erf No. 242 is voorts onderworpe aan 'n serwituut, twaalf voet breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, albei soos aangewys op die algemene plan.

(*b*) Geen gebou of ander struktuur mag binne voornoemde serwituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(*c*) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke, as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

3. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenis wat daaraan geheg word:—

(i) „Applikant" beteken Marguerite Doreen Egeland (buite gemeenskap van goedere getroud met Leif Egeland) en haar opvolgers in titel tot die eiendomsreg van die dorp.

(ii) „Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

4. *Staats- en munisipale erwe.*

As 'n erf wat verkry word soos beoog in klousule B 1 (i) en (ii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad toelaat.

consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R6,000;

(ii) the main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*m*) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 35 feet from the boundary thereof abutting on a street.

(*n*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. *Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above the erven upon which servitudes are indicated on the general plan shall be subject to the following conditions:—

(*a*) Erven Nos. 242 and 243 are subject to a servitude six feet wide for sewerage and other municipal purposes in favour of the local authority and Erf No. 242 is further subject to a servitude twelve feet wide in favour of the local authority, both as indicated on the General Plan.

(*b*) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 6 feet thereof.

(*c*) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

3. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "Applicant" means Marguerite Doreen Egeland (married out of community of property to Leif Egeland) and her successors in title to the township.

(ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

4. *State and Municipal Erven.*

Should any erf acquired as contemplated in clause B 1 (i) and (ii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Townships Board.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Administrateurskennisgewing No. 48.] [19 Januarie 1966.

OPENING.—OPENBARE PAD, MUNISIPALITEIT VAN DEVON.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur ingevolge paragraaf (*b*) van subartikel (2) van artikel *vyf*, artikel *veertig* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22

ADMINISTRATOR'S NOTICES.

Administrator's Notice No. 48.] [19 January 1966.

OPENING.—PUBLIC ROAD, MUNICIPALITY OF DEVON.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of paragraph (*b*) of sub-section (2) of section *five*, section *forty* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22

van 1957), goedkeuring verleen het dat 'n provinsiale pad, 80 Kaapse voet breed, as 'n verlenging van Provinsiale Pad No. P5-1, sal bestaan binne die Devon Munisipaliteit, soos op die bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-022-23/21/P5-1.

of 1957), that a provincial road, 80 Cape feet wide, as an extension of Provincial Road No. P5-1, shall exist within the Municipality of Devon, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 021-022-23/21/P5-1.



Administrateurskennisgewing No. 49.] [19 Januarie 1966.

MUNISIPALITEIT DELAREYVILLE.—WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGS-TARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Delareyville, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 735 van 6 November 1963, word hierby gewysig deur na subitem (3) van item 3 die volgende in te voeg:—

„(4) Minimum heffing, per maand: R1.50".

T.A.L.G. 5/81/52.

Administrateurskennisgewing No. 50.] [19 Januarie 1966.

VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKS-PAD No. 6, DISTRIK STANDERTON.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Standerton, goedgekeur het dat Distrikspad No. 6 oor die plase Cyrus No. 23—H.S., Wildebeestkraal No. 24—H.S., Welmoed No. 35—H.S. en Groenvlei No. 37—H.S., distrik Standerton, ingevolge paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlê en na 80 Kaapse voet verbreed word, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 051-057-23/22/6.

Administrator's Notice No. 49.] [19 January 1966.

DELAREYVILLE MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

Amend the Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Delareyville Municipality, published under Administrator's Notice No. 735, dated the 6th November, 1963, by the insertion after sub-item (3) of item 3 of the following:—

"(4) Minimum charge, per month: R1.50".

T.A.L.G. 5/81/52.

Administrator's Notice No. 50.] [19 January 1966.

DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD No. 6, DISTRICT OF STANDERTON.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Standerton, that District Road No. 6 traversing the farms Cyrus No. 23—H.S., Wildebeestkraal No. 24—H.S., Welmoed No. 35—H.S. and Groenvlei No. 37—H.S., District of Standerton, shall be deviated and widened to 80 Cape feet in terms of paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-057-23/22/6.



Administrateurskennisgewing No. 51.] [19 Januarie 1966.

VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD No. 1298, DISTRIK ERMELO.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ná ondersoek en verslag deur die Padraad van Ermelo, goedgekeur het dat Distrikspad No. 1298 oor die plase Witbank No. 236—I.S., Nooitgedacht No. 237—I.S. en Orpenskraal No. 238—I.S., distrik Ermelo, ingevolge paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlê en verbreed word na 80 Kaapse voet, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 051-052-23/22/1298, Vol. II.

Administrator's Notice No. 51.] [19 January 1966.

DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD No. 1298, DISTRICT OF ERMELO.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Ermelo, that District Road No. 1298 traversing the farms Witbank No. 236—I.S., Nooitgedacht No. 237—I.S. and Orpenskraal No. 238—I.S., District of Ermelo, shall be deviated and widened to 80 Cape feet in terms of paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-052-23/22/1298, Vol. II.



Administrateurskennisgewing No. 52.] [19 Januarie 1966.

VERKIESING VAN LID.—WOLMARANSSTADSE SKOOLRAAD.

Johannes Lodewikus van Staden, Predikant, van Posbus 90, Leeudoringstad, is verkies tot lid van bogenoemde Raad en het sy amp aanvaar op 3 November 1965.

T.O.A. 21-1-4-17.

Administrator's Notice No. 52.] [19 January 1966.

ELECTION OF MEMBER.—WOLMARANSSTAD SCHOOL BOARD.

Johannes Lodewikus van Staden, Minister of Religion, of P.O. Box 90, Leeudoringstad, has been elected as a member of the above-mentioned Board and assumed office on 3rd November, 1965.

T.O.A. 21-1-4-17.

Administrateurskennisgewing No. 53.] [19 Januarie 1966.

INSTELLING VAN RAADPLEGENDE KOMITEE VIR DIE INDIËRGEMEENSKAP VAN BARBERTON IN DIE REGSGEBIED VAN DIE STADSRAAD VAN BARBERTON.

Ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel *twee* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdhede), 1962 (Ordonnansie No. 22 van 1962), stel die Administrateur, met die goedkeuring van die Minister hierby 'n raadplegende komitee in vir die groepsgebied wat in Bylae A hierby omskryf word en wat geleë is binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur, naamlik Barberton, en ingevolge die bepalings van artikel *vier* van bedoelde Ordonnansie vaardig die Administrateur, met die goedkeuring van die Minister, hierby die Regulasies uit soos vervat in Bylae B hiervan ten opsigte van bedoelde Raadplegende Komitee.

BYLAE A.

INDIËRGROEP.

Die gebied bestaande uit Barberton- (Asiatiese) dorp (Algemene Plan No. A.9282/47) en Barberton (Asiatiese) dorpsuitbreiding No. 1 (Algemene Plan No. A.9283/47).

Administrator's Notice No. 53.] [19 January 1966.

ESTABLISHMENT OF CONSULTATIVE COMMITTEE FOR THE INDIAN COMMUNITY OF BARBERTON IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE BARBERTON TOWN COUNCIL.

In terms of the provisions of sub-section (1) of section *two* of the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962, (Ordinance No. 22 of 1962), the Administrator, with the approval of the Minister, hereby establishes a consultative committee for the group area which is defined in Schedule A hereof and which is situated in the area of jurisdiction of a local authority, namely Barberton and in terms of the provisions of section *four* of the said Ordinance, the Administrator with the approval of the Minister, hereby makes the regulations as set out in Schedule B hereof in respect of the said Consultative Committee.

SCHEDULE A.

INDIAN GROUP.

The area consisting of Barberton (Asiatic) Township (General Plan No. A.9282/47) and Barberton (Asiatic) Township Extension 1 (General Plan No. A.9283/47).

BYLAE B.

REGULASIES BETREFFENDE INSTELLING VAN RAADPLEGENDE KOMITEE IN DIE REGSGEBIED VAN DIE STADSRAAD VAN BARBERTON.

Woordomskrywing.

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „bevoegde persoon", 'n persoon wat nie ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel *een* van die Wet 'n onbevoegde persoon is nie met betrekking tot enige onroerende goed, grond of perseel in die groepsgebiede omskrywe in Bylae A; (iv)

(ii) „die Wet", die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957); (v)

(iii) „Komitee" die Raadgewende Komitee ingevolge hierdie kennisgewing ingestel; (ii)

(iv) „Ordonnansie" die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdhede), 1962; (iii)

(v) „Stadsraad", die Stadsraad van Barberton; (i)

en enige ander woord wat gebruik word, het die betekenis wat by die Ordonnansie daaraan geheg word.

Algemene doelstelling van Komitee.

2. Die Komitee is verantwoordelik vir die bevordering van die belange en welsyn van die inwoners van sy gebied en bring alle sake wat daarop betrekking kan hê onder die aandag van die Stadsraad.

Samestelling van Komitee.

3. (1) Die Komitee bestaan uit vyf persone aangestel deur die Administrateur waarvan twee deur die Minister en een deur die Stadsraad benoem word.

(2) Indien die Stadsraad versuim of weier om binne dertig dae nadat hy deur of namens die Administrateur daartoe versoek is, 'n persoon as lid te benoem, stel die Administrateur 'n bevoegde persoon as lid aan namens die Stadsraad.

Ampstermyn van Komitee.

4. Behoudens die bepalings van regulasie 14, beklee 'n lid van die Komitee sy amp vir 'n tydperk van twee jaar bereken vanaf die datum van sy aanstelling.

Ampsdraers van Komitee.

5. (1) Die Administrateur benoem van tyd tot tyd een van die lede van die Komitee as Voorsitter daarvan vir 'n tydperk van hoogstens een jaar: Met dien verstande dat 'n aftredende Voorsitter weer benoem kan word.

(2) Die Komitee verkies van tyd tot tyd 'n Ondervoorsitter uit sy geledere vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

(3) Wanneer die Voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, tree die Ondervoorsitter as Voorsitter van die Komitee op en indien die Voorsitter sowel as die Ondervoorsitter van 'n vergadering van die Komitee afwesig is, kies die by daardie vergadering aanwesige lede een uit hulle geledere om op daardie vergadering voor te sit.

(4) Die Stadsraad wys, met die goedkeuring van die Administrateur, 'n beampte aan om as Sekretaris van die Komitee op te tree.

Vergaderings en kworum van Komitee.

6. (1) Die eerste vergadering van die Komitee word gehou op die plek, dag en tyd wat deur of namens die Administrateur vasgestel word.

(2) Die Komitee hou 'n gewone vergadering minstens een keer elke maand en op 'n plek, dag en tyd wat die Komitee van tyd tot tyd in oorleg met die Stadsraad vasstel.

(3) Die Voorsitter kan te eniger tyd en moet op die skriftelike versoek van die Stadsraad of sy gevolmagtigde 'n spesiale vergadering van die Komitee belê.

(4) 'n Vergadering van die Komitee kan tot 'n bepaalde dag en tyd verdaag word.

(5) Drie lede van die Komitee maak 'n kworum uit.

(6) Indien die Komitee in gebreke bly om 'n vergadering gedurende enige maand te hou, moet die Sekretaris die Stadsraad onverwyld daarvan in kennis stel.

SCHEDULE B.

REGULATIONS CONCERNING THE ESTABLISHMENT OF THE CONSULTATIVE COMMITTEE IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE BARBERTON TOWN COUNCIL.

Definitions.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(i) "Town Council" means the Town Council of Barberton; (v)

(ii) "Committee" means the Consultative Committee established in terms of this notice; (iii)

(iii) "Ordinance" means the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962; (iv)

(iv) "qualified person" means a person who is not disqualified in terms of the provisions of sub-section (1) of section *one* of the Act in relation to any immovable property, land or premises in the group area(s) defined in Schedule A; (i)

(v) "the Act" means the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957); (ii)

and any other word or expression shall have the meaning assigned thereto in the Ordinance.

General Purpose of Committee.

2. The Committee shall be responsible for the promotion of the interests and welfare of the inhabitants of its area and shall bring all matters relating thereto to the notice of the Town Council.

Constitution of Committee.

3. (1) The Committee shall consist of five persons appointed by the Administrator of whom two shall be nominated by the Minister and one by the Town Council.

(2) If the Town Council fails or refuses to nominate a person as a member within thirty days after being requested to do so by or on behalf of the Administrator, the Administrator shall appoint a qualified person as a member on behalf of the Town Council.

Period of Office of Committee.

4. Subject to the provisions of regulation 14, a member of the Committee shall hold office for a period of two years calculated from the date of his appointment.

Office-bearers of Committee.

5. (1) The Administrator shall from time to time nominate one of the members of the Committee as Chairman thereof for a period not exceeding one year; Provided that a retiring Chairman may again be nominated.

(2) The Committee shall elect from time to time a Vice-Chairman from among its members for a period not exceeding one year.

(3) Whenever the Chairman is absent or unable to carry out his duties, the Vice-Chairman shall act as Chairman of the Committee and if the Chairman as well as the Vice-Chairman are absent from the Committee, the members present at that meeting shall elect one of their members to preside at that meeting.

(4) The Town Council shall, with the approval of the Administrator, nominate an officer to act as Secretary of the Committee.

Meetings and Quorum of Committee.

6. (1) The first meeting of the Committee shall be held at the place and on the day and at the time fixed by or on behalf of the Administrator.

(2) The Committee shall hold an ordinary meeting at least once a month and at a place and on the day and at the time which the Committee shall from time to time determine in consultation with the Town Council.

(3) The Chairman may at any time and shall at the written request of the Town Council or its authorized representative, convene a special meeting of the Committee.

(4) A meeting of the Committee may be adjourned to a specified day and time.

(5) Three members of the Committee shall constitute a quorum.

(6) If the Committee should fail to hold a meeting during any month, the Secretary shall forthwith advise the Town Council thereof.

(7) Behoudens die bepalings van subregulasie (8) is alle vergaderings van die Komitee vir 'n bevoegde persoon toeganklik en die Minister, die Administrateur en die Stadsraad kan elk 'n persoon magtig om as sy verteenwoordiger vergaderings van die Komitee by te woon en aan die verrigtinge deel te neem, maar enige sodanige verteenwoordiger het geen stem nie.

(8) Indien die Komitee of die Stadsraad of sy gevolmagtigde van mening is dat enige saak geriefliker en voordeliger in die afwesigheid van enige bevoegde persoon genoem in subregulasie (7) behandel kan word, gaan die Komitee in komitee en enige besluit aldus geneem is ten volle van krag en regsgeldig as 'n besluit van die Komitee.

Kennisgewing van vergaderings.

7. (1) Die Sekretaris van die Komitee gee skriftelik kennis van die plek en die bepaalde dag en tyd vir die hou van gewone vergaderings aan elke lid van die Komitee wat daarna, totdat sodanige plek, dag of tyd verander word en kennis daarvan gegee is, sodanige vergaderings sonder nadere kennisgewing moet bywoon.

(2) Die Sekretaris van die Komitee gee skriftelik kennis aan elke lid van die Komitee van elke plek, dag en tyd van elke spesiale vergadering minstens agt-en-veertig uur voor so 'n vergadering.

(3) Enige sodanige kennisgewing word aan die lid persoonlik oorhandig of, na dit behoorlik geadresseer is, aan sy gebruiklike verblyf of besigheidsplek gestuur.

(4) Die onopsetlike versuim om aan enige lid van die Komitee so 'n kennisgewing te besorg soos in hierdie regulasie bedoel, doen aan die geldigheid van enige vergadering geen afbreuk nie.

Agenda en volgorde van verrigtinge.

8. (1) Die Sekretaris van die Komitee is verantwoordelik vir die opstel van die agenda vir enige vergadering van die Komitee.

(2) Die volgorde van verrigtinge op elke gewone vergadering van die Komitee is soos volg:—

(*a*) Notule van vorige vergadering;
(*b*) aansoeke van lede om verlof tot afwesigheid;
(*c*) amptelike aankondigings;
(*d*) onbestrede mosies van die Voorsitter;
(*e*) vrae waarvan kennis gegee is;
(*f*) kennisgewings van mosie wat van 'n vorige vergadering oorstaan;
(*g*) petisies;
(*h*) nuwe kennisgewings van mosie;
(*i*) sake wat deur die Stadsraad na hom verwys is.

Stemming by vergadering.

9. (1) Alle sake wat voor 'n vergadering van die Komitee dien, word deur 'n meerderheid van stemme van die lede aanwesig beslis.

(2) Ingeval van 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem.

Notule van vergadering.

10. (1) Die notule van die verrigtinge van elke vergadering van die Komitee word gereeld bygehou en bevat behoorlik gerangskikte besonderhede van alle sake wat by die vergadering behandel is.

(2) Die notule van die verrigtinge van elke vergadering word by die daaropvolgende vergadering voorgelê en, as dit as korrek aanvaar word, bekragtig deur die handtekening van die Voorsitter.

(3) Die notule van verrigtinge van elke vergadering van die komitee, uitgesonderd vergaderings in komitee, is ter insae van enige inwoner van die gebied.

(4) Gesertifiseerde afskrifte van alle notule van verrigtinge van vergaderings van die Komitee en ander daarmee verbandhoudende stukke, word deur die Sekretaris so spoedig moontlik aan die Stadsraad verskaf, en indien hy dit vereis, ook aan die Minister en die Administrateur.

Oordra van besluite aan Raad.

11. Enige kommentaar of voorstel wat die Komitee lewer of maak in verband met enige aangeleentheid waaroor hy kragtens hierdie regulasies deur die Stadsraad geraadpleeg moet word, word, behoudens paragraaf (*b*) van subartikel (3) van artikel *twee* van die Ordonnansie,

